

Visie: Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik
Missie: Geloof, Koinonia en Getuienis

Jaargang 18

3de Kwartaal 2017

WIE SE VOETE MOET ONS WAS?

Daar word in ons tyd baie gemaak van die simboliese voetwassing. Mense was graag mekaar se voete en daarmee word verskeie dinge gedemonstreer: dit kan beteken dat iemand jammer is oor 'n verkeerde ding wat in die verlede gebeur het; vriende was mekaar se voete en selfs by sinodes gebeur dit deesdae soms dat broers en susters mekaar se voete was en dit is mooi en goed. Hulle doen soos Jesus gedoen het, redeneer hulle, en grond hulle optrede op die gebeure in Johannes 13:1-15, waar ons vertel word van Jesus wat sy dissipels se voete gewas het. Nogtans is daar iewers nie mooi geluister na die hele verhaal nie. Die voetewas is wél die hoogtepunt, maar is slegs één van die baie belangrike, simboliese handeling wat Jesus uitgevoer het.



Johannes vertel dat Jesus en sy dissipels, wat Hy tot die uiterste toe liefgehad het, saam 'n aandmaaltyd vier. Jesus gebruik hierdie gesellige gesamentlike geleentheid om sy dissipels voor te berei vir die tyd wanneer Hy nie meer daar sal wees nie, wanneer Hy na God sal terugkeer.

Verbeel jou jy is teenwoordig by die Avondmaal. Kom, lê op jou linkersy en ondersteun jou kop met jou linkerhand, sodat jy jou regterhand los het om te eet en te beduie, soos die gebruik in daardie tyd was. Waarom het niemand nog ooit die laaste Avondmaal so geskilder nie – ek wonder!

Beleef nou saam met my elkeen van die simboliese handeling wat Johannes vir ons verduidelik, vers vir vers. Maak seker dat jy dit reg verstaan, want aan die einde van die hoofstuk daag Jesus ons uit om die voorbeeld wat Hy vir ons gee, na te volg.

“Toe het Hy van die tafel af opgestaan ...” (Joh. 13:4a).

Dit was nie die normale bedagsaamheidsplig van 'n gasheer om van die tafel af op te staan nie. Jesus ruil heel in die begin rolle om. Hy, die gasheer, wat gedien moet word en wat van God kom, word self die dienaar. Hiermee

demonstreer Hy dat Hy, die Heer, na die aarde toe gekom het, wel as gasheer, maar veral ook as dienskneg.

“... sy bokleed uitgetrek ...” (Joh. 13:4b).

Die Griekse begrip wat vertaal word met “uitgetrek” (in Engels “Lay aside”), is dieselfde woord wat gebruik word met betrekking tot Jesus wat sy lewe aflê. Soos die Goeie Skaapwagter wat sy lewe vir sy skape aflê.

“... en ’n handdoek gevat en om Hom vasgemaak ...” (nuwe vertaling Joh. 13:4c).

’n Handdoek is slegs deur Romeinse slawe gedra. ’n Mens kon ’n Joodse slaaf nie eers dwing om ’n handdoek om die lyf vas te maak en dan nog boonop hulle meesters se voete te was nie. As dit gebeur het, was dit ’n vrywillige daad van liefde en onderdanigheid. Jesus se lewe en sterwe in ons plek was uit vrye guns alleen – ’n Vrywillige daad van liefde en onderdanigheid.

“Daarna het Hy water in ’n wasskottel gegooi ...” (Joh. 13:5a).

Deur hierdie handeling voorsien Jesus self die elemente wat nodig is vir die reiniging. Die water is simbolies van sy eie bloed wat gevloei het.

“... en begin om sy dissipels se voete te was en dit dan af te droog met die handdoek wat Hy omgehad het” (Joh.13:5b).

Ons vra die vraag: **“Wie se voete moet ons was?”**. Mense sê graag ons moet doen soos Jesus gedoen het. Kom ons kyk dan wie hierdie dissipels was wie se voete Jesus gewas het:

- Dit was die manne wat probeer het om te keer dat Jesus moeders en kindertjies te woord staan en seën – **omdat** hulle gedink het moeders en kindertjies is te onbelangrik vir Jesus en sy dissipels.
- Dit was die ouens van wie ons in Matt. 18 lees wat baklei het oor wie die belangrikste in die Koninkryk gaan wees – **totdat** Jesus ’n kindjie nader geroep het.
- Dit was Petrus, die rots, wat aangehou en aangehou het om Hom te verraai – **totdat** die haan gekraai het (Joh. 18:27).
- Dit was Thomas, wat nie wou glo dat Hy opgestaan het nie – **totdat** hy sy vinger in die wonde in Jesus se hande en sy kon steek nie.
- Dit was die vriende van Jesus wat nie eers een uur saam met Hom kon wakker bly nie terwyl Hy in ang en pyn bloed gesweet het en God gesmeek het om die beker by Hom te laat verbygaan – **totdat** Hy alleen Getsemané binnegegaan het.
- Dit was die geestelike snobs wat nie wou hê Jesus moet met prostitute omgaan, by tollenaars eet en flentermense heelmaak nie, **veral nie** op die Sabbatdag nie!
- En dan was daar ook Johannes – Johannes vir wie Hy so lief gehad het. Johannes aan wie Hy sy moeder toevertrou het. Selfs sý voete is ook gewas.
- En dit was ook Judas – **Judas Iskariot**.

Die verhaal gaan voort:

“Toe Hy by Simon Petrus kom, vra dié vir Hom: ‘Here, gaan U my voete was?’” (Joh. 13:6).

In die Griekse vertaling word twee voornaamwoorde saamgevoeg om die kragtigheid van Petrus se weerstand aan te dui. Hy, die vurige Petrus, wil bewys dat hy nou nie soos die ander ouens is, wat toelaat dat die Meester hulle voete was nie. Néé! Sý voete sal die Meester nie was nie. Sy Meester moet regeer, nie so ’n nederige daad verrig nie.

“Daarop sê Jesus vir hom: ‘... As Ek jou nie was nie, het jy nie deel aan My nie.’ Petrus sê toe vir Hom: ‘Here, dan nie net my voete nie, maar ook my hande en my gesig’” (Joh.13:8b-9).

So het Jesus selfs ook die voete gewas van dié wat nie gewas wou word nie.

“En Jesus sê vir hom: ‘Hy wat klaar gebad het, is heeltemal skoon; hy hoef later niks meer as sy voete te was nie. En julle is nou skoon, maar nie almal nie.’” Jesus het geweet wie Hom sou verrai, daarom het Hy gesê: “Julle is nie almal skoon nie.”

“Nadat Jesus hulle voete klaar gewas het, het Hy sy boklere aangetrek en weer aangelê by die ete” (Joh.13:10 -12a NLV).

In die begin het Jesus rolle omgeruil, maar nou neem Hy weer sy regmatige plek en statur in as Gasheer. *“Hy kom van die Vader en sal na die Vader terugkeer” (Joh. 12:49).*

Hy sê toe vir hulle: “Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het? ... As Ek, wat julle Here en julle Leermeester is, dan julle voete gewas het, behoort julle ook mekaar se voete te was (Joh. 13:12-14 NLV).

Daarna sê Jesus : *“Ek het vir julle ’n voorbeeld gestel, en soos Ek vir julle gedoen het, moet julle ook doen” (Joh. 13:15).*

Wie se voete moet ons was as ons Jesus se voorbeeld wil volg? Dit is:

- Die persone wat reken jy is nie goed genoeg vir hulle geselskap nie.
- Die ouens wat reken hulle is die belangrikste in die Koninkryk van God
- Uitvaagsels soos dié waarmee Jesus omgegaan het
- Vriende wat jou in jou diepste nood versaak het
- Die Thomasse in jou lewe wat reken jy is nie geloofwaardig nie
- Die Petrusse wat nie deur jou gewas wil word nie
- Die Johannesse wat jou getroue vriende is
- Die Judasse in jou lewe wat verrai en moor

Maar voordat jy hoef te buk om voete te was buk Hy, Jesus Christus, wat jou tot die uiterste toe liefhet, af en was jou voete. Hý ag jou waardig om jou voete te was nét soos jy is. Hoor hoe Hy vir jou sê: *“Jy is nou heeltemal skoon.”*

Nadat Hy weer sy bokleed aangetrek en sy plek as gasheer aan die tafel ingeneem het, breek Hy die brood en skink Hy die wyn. Dit was die laaste Avondmaal.

Sarah Jane Wessels

Uit die 53ste NG Kerk Vrystaat Sinode: 27 Junie 2017

Herderlike brief aan alle leraars, voorsitters van kerkrade en lidmate

Geliefdes in ons Here, Jesus Christus

Die 53ste sinodesitting van die NG Kerk Vrystaat by Nampo-Park naby Bothaville is pas agter die rug. Dié sinodesitting was gekenmerk deur 'n gees van versoening waar afgevaardigdes daarop uit was om die eenheid onder mekaar te bewaar. Die woorde van dr Wollie Grobler in *Volksblad* van 20 Junie 2017, vat dit mooi saam: "*Die hele sinode behandel mekaar, ondanks verskille, met 'n waarderende en oop gemoed.*" Dit was in lyn met die waardes waarop vooraf ooreengekom is.

Die agenda was gelaai met beswaarskrifte en beskrywingspunte rondom selfdegeslagverhoudings. Die Sinode het besluit om die pad van versoening te loop. Daar is lank besin oor die wyse waarop sulke sensitiewe sake bespreek kan word om verdere verdeling en polarisasie ten alle koste te vermy. Die Sinode het eerstens die besluite van die buitengewone sitting van die Algemene Sinode in 2016 aanvaar, maar toe besluit om in die volgende vier jaar-periode, die gesprek oor dié saak voort te sit. Dit sal 'n inklusiewe gesprek wees waar met mense van verskillende oortuigings gesprek gevoer sal word.

Die NG Kerk was teenwoordig by die onlangse kongres van die Suid Afrikaanse Raad van Kerke. Die Vrystaat Sinode ondersteun die standpunt dat die huidige Suid

Afrikaanse regering morele legitimiteit verloor het en dat daar gevolglik 'n oproep gedoen word dat die huidige parlement ontbind en daar so gou moontlik 'n regverdige, demokratiese verkiesing uitgeroep word.

Die Sinode het haar ook verbind om met ander kerke saam te werk vir die heling van ons gemeenskappe, vir die herstel van geregtigheid en versoening, menswaardigheid, respek, deernis en diens. Hiervoor word 'n ondubbelsinnige, helder profetiese stem van die kerk gevra, maar ook 'n beroep op alle gemeentes gedoen om aktief mee te werk. Ons is 'n geseënde kerk, geroepe om hierdie seëninge met ander te deel.

Tydens die sinodesitting is 'n herindelingsplan van die ringe goedgekeur. Ons vertrou dat die herindelingsplan nuwe lewe in ringe sal blaas. Om gemeentes groter inspraak in die visionerings- en besluitnemingsprosesse te gee, het die Sinode besluit om die Moderamen uit te brei sodat elke ring sitting in die Moderamen sal hê.

Die Sinode verbind haar opnuut daartoe om met smeking, voorbidding en danksegging te bly bid vir alle mense, vir dié wat slagoffers van geweld en onreg is, vir almal wat weerloos en veronreg is, vir dié wat regeer en gesag uitoefen, sodat ons 'n stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God waar ons ou mense weer op die

pleine van ons stede en dorpe en op ons plase sal sit, waar ons seuns en dogters weer rondom hulle sal speel en die mense vir ons

sal sê: *Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle.*” (Sag 8:23)
Vriendelike groete in Christus.

Dr Pieter van Jaarsveld (Voorsitter); Ds Riaan van Zyl (Onder-voorsitter); Dr Carin van Schalkwyk (Skriba). (Hierdie drie persone is ook die Moderamen vir die nuwe termyn)

HERVERDELING VAN DIE RING

Die Vrystaatse Sinode het besluit om in terme van sy bevoegdheid soos bepaal in die Kerkorde, die NG Kerk Vrystaat in Ringe te groepeer. Ingevolge die besluit, sal Parys-Wes voortaan in die Vaalrivier ring val. Ander gemeentes in die ring is Vaalpark, Sasolburg - Vier Ankers, Sasolburg – Fakkel, Sasolburg – Sentraal, Sasolburg – Fontein, Sasolburg – Tuinedal, Deneysville, Viljoensdrif, Taaibosspruit, Vredefort, Parys, Parys – Oos, Parys – Suid en Schonkenville.

Ds Ian Jonker van Parys-Oos is tans die Voorsitter van die Vaalrivier Ringskommissie.

WEN 'n VAKANSIE - FONDSINSAMELINGSPROJEK 2017

Die gemeente het weer tydens die eerste semester 'n fondsinsamelingsveldtog waarin 'n vakansie by die see gewen kon word, geloods.

Baie dankie aan die familie wat die woonstel vir die doel beskikbaar gemaak het. Dit word hoog op prys gestel. So projek kan ongelukkig nie slaag sonder die samewerking van die hele gemeente nie en ons is dankbaar vir elkeen wat gehelp het om die kaartjies te verkoop en wat self ook kaartjies gekoop het. Die koste van die kaartjies was R50.00 elk en daar is 'n bedrag van R4 700.00 na kostes, ingesamel.

Baie geluk aan die volgende wenner:
Een week see-vakansie plus sakgeld – Hendra Jardim

*Skaap – Johan Odendaal
Halwe skaap - Dinkels Schultz.*

Die trekking vir die randsnyer, waarvoor daar ook kaartjies verkoop is, het terselfdertyd plaasgevind en die gelukkige wenner was Nadia Deetlefs. Baie geluk Nadia en ons hoop jy gaan lekker “speel” met jou randsnyer.

Die trekking is gedoen deur 'n paar gemeentelede en hulle het op geen manier gebaat by die uitslag van die trekkings nie.



'n Vreugdevolle mens preek sonder om te preek. Moeder Teresa

DIENSGROEP GETUIENIS: BEGROTING VIR 2017/18

Volgens 'n besluit van die Algemene Sinode, is die NG Kerk se finansiële jaar aangepas om vanaf 2018 van 1 Maart tot die einde van Februarie van die volgende jaar te strek. Om aan die vereiste te voldoen het die Diensgroep Getuienis 'n begroting van R31 900 vir die periode 1 Januarie 2017 tot 28 Februarie 2018 aan die kerkraad voorgelê en dit is so aanvaar. Hierdie begroting sluit nie die inkomste en uitgawes van die 2017-Kerskosprojek in nie. Dit word as 'n afsonderlike projek bedryf.

Die Diensgroep sal hierdie fondse gedurende die veertien maande met die sop-en-brood-aand en dan kerrie-en-rys- en pannekoekverkope insamel. Met dié fondse word 'n aantal besoekende sprekers en vier sendelinge ondersteun. Verder word daar 'n klein



bydrae tot die Caprivi-uitreik, Tokoloho, die Eendjies-kleuterskool en Mponeng Primary Farm School gemaak. Die kospakkie-projek vir Schonkenville, waar daar maandeliks kospakkies aan 19 gesinne van die NG kerk in Schonkenville gegee word, is 'n groot en belangrike projek van die Diensgroep. In die lig van stygende voedselpriese het dit al moeiliker geword om, selfs met die hulp van 'n maandelikse bydrae (R750.00) van buite die gemeente wat al 'n geruime tyd vir die projek gemaak word, 'n sinvolle kospakkie saam te stel. Daarsonder sou hierdie projek lankal gesneuwel het.

Die Diensgroep is baie dankbaar dat Pride Milling Co.(Pty) Ltd besluit het om die kospakkie-projek te ondersteun met bydraes van mieliemeel, mielerys, stampkoring en ander produkte. Hul eerste besending maak dit moontlik vir die Diensgroep om vir die vier maande vanaf Junie 2017 'n aansienlik beter kospakkie aan die gesinne te gee. Baie dankie ook aan Leon Scheepers, Bemerkingsbestuurder by Pride Milling dat hy bereid was om na ons versoek te luister. Hy het nou aangedui dat hul ook verder sal help.



DIE 53STE SINODESITTING VAN DIE NG KERK VRYSTAAT – BOTHAVILLE: 11 – 15 JUNIE 2017

Dit was die eerste keer wat ek die voorreg gehad het om 'n Sinodesitting (wat elke vier jaar plaasvind) by te woon. Wat 'n belewenis! Daar was ongeveer 380 afgevaardigdes en personeel teenwoordig. Met die uitsondering van Sondag die 11de en Donderdag die 15de Junie het die sitting om 08:00 begin en ongeveer 21:15 ten einde geloop.

Die reëlings was puik. Die agenda het uit 164 bladsye bestaan. Daar is 21 verslae voorgelê wat hanteer moes word, sowel as 5 beskrywingspunte wat deur gemeentes ingedien is. Daar was ook 'n klompie sake vir inligting en kennisname.

Voorwaar 'n moderne en veranderende NG Kerk van die Vrystaat. Inderdaad 'n nuwe baadjie is aangetrek.

1. **Barmhartigheid in sinodale verband:** Die welsynsorganisasie se geregistreerde naam is ENGO. Die naam staan vir E = Ewigheid, NG = NG Kerk en GO = Missionale roeping: "Gaan dan heen en...."

Dit is 'n gesinsorg- en maatskaplike werk organisasie wat deur God se liefde, in opdrag van die Woord, poog om mense en gemeenskappe se nood te verlig en hoop te bring. Daar is byvoorbeeld bejaardesorg-, kindersorg-, gestremdesorg-, gesinsorg- en gemeenskapsorgdienste.

Gedurende die 2015/16 finansiële jaar het 36 141 individue by hierdie dienste baat gevind. 629 kinders is deur statutêre optrede beveilig en dienste word aan 3 968 kinders in pleegsorg gelewer. Dit is 'n baie groot en belangrike taak wat verrig word.

2. **Finansies:** Fondse bly altyd 'n belangrike faktor! Om doeltreffend te funksioneer en al die uitdagings die hoof te bied, is fondse nodig. Die Sinode van die Vrystaat bestaan uit 155 gemeentes wat elk 'n pro rata bydrae tot die uitgawes maak. Gemeentes word volgens 'n sinodale gyskaal met inagneming van hul inkomste en uitgawes aangeslaan.

Gedurende die 2017- finansiële jaar is daar egter 12 gemeentes wat nie in staat is om hul volle bydrae aan die Sinode te betaal nie omdat hulle inkomste net te laag is. Dit verteenwoordig 7.74% van die Vrystaatse gemeentes.

Daar is ook besluit dat die Sinode se begroting oor die volgende vier jaar met 30% ingekort moet word. Dit gaan die NG Kerk van die Vrystaat se werksaamhede onder groot druk plaas.

My beskeie mening is dat elke gemeente se lidmate ernstig moet bid en Hom vra en vertrou om te voorsien. Hoe hoër die inkomste van die gemeente, hoe hoër die bydrae aan die Sinode.

Ons aanbid 'n liefdevolle en genadige God

Thys van Zyl

Baie geluk aan Dries de Jager, ons Gemeentebestuurder en Koster, met sy prestasies op die rolbalbaan die afgelope tyd. Hy en Jaco Nel het onder andere die 2017 Noord-Wes silwer medalje in die mans ope parespel verower en het Noord-Wes in die SA Interprovinsiale toernooi verteenwoordig.



SOP & BROODAAND – 9 JUNIE 2017

Die Diensgroep Getuienis bied jaarliks, as deel van hul fondsinsamelingsveldtog, 'n sop-en-broodaand aan. Hierdie aand het al 'n instelling geword en dit word baie goed deur beide gemeentede en ander Parysenaars

ondersteun. Met 'n verskeidenheid van soppe, tuisgebakte brode, lekker konfyt, 'n bietjie OBS en 'n goeie koppie koffie agterna, is dit altyd 'n lekker geleentheid om saam te kuier en om sodoende koinonia te bevorder.



Baie dankie aan die Diensgroep en hul helpers vir nog 'n heerlike aand en baie dankie ook aan almal wat saam kom kuier het. Dit was lekker.

NUWE INTREKKERS

Hartlik welkom aan die volgende lidmate wat nou by die gemeente aangesluit het. Van julle woon al 'n rukkie in die gemeente en ons vertrou dat julle reeds ingeskakel en tuis is. As jul nog 'n plek soek om 'n bydrae te lewer, kry gerus die kontakbesonderhede van die Diensgroepe by die kerkkantoor.

Naam	Vorige Gemeente	Adres	Wyk	Kontaknr
Noel en Sabine Strydom	Nederduitsch Hervormde Kerk	Derdelaan 13	Bredell	071 3258826
Angelo Du Preez	NG Kerk Alberton-Oos	Grensstraat 41b	Van Coller	079 6339186
Corlet Prinsloo	NG Kerk Alberton-Oos	Grensstraat 41b	Van Coller	083 9857845
Hans en Ina Uys	NG Gemeente Parys-Oos	Cilliersstraat 4A	Cilliers	0826513683 0826513682
Wayne en Landy Aucamp	Nederduitsch Hervormde Kerk	Plot 33, Kopjeskraalpad	Koppieskraal	0834882024 0718573527
Yolanie Uys	NG Gemeente Parys-Oos	Lukwartlaan 9	Eike	076 6119787
Ben Reynders	NG Gemeente Parys-Oos	Huis 105, Sally Martin Park	Sally Martin	083 4050705
Peet & Anchen Swanepoel	AGS, Raslouw	La Paris 8, Delperstraat 72	Kamelia	083 6308396 082 7823877
Marie Uys	NG Gemeente, Vredefort	Proteahof 3	Protea	082 9278630

Ek is vasbeslote om nie te kla omdat ek oud word nie - daar is so baie ander mense wat nie die voorreg het nie.

Anoniem

DIENSGROEP – DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Ons is geseënd met 'n dinamiese Diensgroep Diens van Barmhartigheid! As jy na die kerk se kalender kyk sal jy sien dat hulle so 8 keer per jaar pannekoek bak en vetkoeke verkoop vir hulle fondsinsameling. Hierdie fondse (en die fondse wat gemeentede aan hulle toeken) word gebruik om behoeftige gevalle in ons gemeente en omgewing te ondersteun.

CTK:

- *Finansiële hulp elke maand vir die aankoop van voedsel.*
- *Geskenkbewys as verjaardaggeskenk vir elke kind gedurende die jaar.*

Allementasie:

- *Maandelikse hulp (geskenkbewys vir aankoop van voedsel) vir 3 behoeftige gesinne.*

Skole:

- *Laerskool: 15 truie vir behoeftige kinders.*
- *Hoërskool: 6 truie vir behoeftige kinders .*

Baie dankie aan die lidmate se bydraes en skenkings.....en almal wat betrokke is..... Indien u wil betrokke raak by hierdie of 'n ander diensgroep of taakgroep, kontak asseblief die kerkkantoor - 056 8115316.

PARYS-WES HOU BASAAR – 29 Julie 2017

Die braaivleisvure het op Saterdag, 29 Julie al vroeg gebrand en in die saal was alles reg vir Parys-Wes se 2017 basaar. Dit was 'n koue oggend maar dit het nie die besoekers/kopers/belangstellendes weggehou nie. Baie het spesiaal gekom vir die lekker ontbyt, ander het kom vleis koop, ens. Daar was ook heerlike gebak op die koektafel, lekker kerrie-en-rys, worsbroodjies en natuurlik die wit-olifanttafel waar daar altyd lekker skatte te vind is. Toegee, van hulle kom weer terug met die volgende basaar. Buite het die kinders pret gehad met skyfskiet en ander speletjies en binne was daar

natuurlik ook die kleurvolle lekkergoedtafel waarby geen kind kon verbystap nie – party grotes ook nie. Verder was daar ook naaldwerk, pannekoeke en ander dinge wat gehelp het om die dag baie lekker te maak.

Die opbrengs van die basaar, insluitende bydraes op basaarlyste, was R163 000.

Dit was voorwaar weer 'n lekker en geseënde oggend waarin daar lekker saam gekuier en geëet is. Baie dankie aan almal wat beplan, hard gewerk en bydraes gemaak het om 'n sukses van die dag te maak.

ONS SENIOR BURGERS - 80 jaar en ouer

Ons sê lekker verjaar! “Hy gee die vermoedides krag, Hy versterk dié wat nie meer kan nie.” Jes 40:29

JULIE:

16 – Madelief Wolmarans (81): Dit gaan goed. Het baie stof tot dankbaarheid!

20 – Chrissie Boshoff (81): Het ‘n operasie aan haar been gehad, maar dit gaan goed, nie klagtes nie.

29 – George Denner (86): Dit gaan goed, geniet goeie gesondheid.

30 - Nicolette Terreblanche (84): Dit gaan goed. Gesondheid redelik goed.

AUGUSTUS:

01 - Gideon Barrett (83): Het gordelroos gehad, maar dit gaan nou weer beter.

09 – Babes Renney (80): Dit gaan baie goed en baie dankbaar vir goeie gesondheid!

09 – David Sussens (82): Gaan baie goed, het niks om oor te kla nie.

12 – Ria Oosthuizen (84): Word in AMOT versorg.

23 - Bettie Fullard(82): Dit gaan baie goed. Haar gesondheid is nog goed en sy het geen klagtes nie.

30 - Ester Reinecke (80): Gaan baie goed. Rug pla, maar verder baie geseënd. Baie dankbaar vir alles wat sy nog kan geniet!

SEPTEMBER

09 – Johan Schultz (87): Gaan goed onder omstandighede. Woon lekker in Najaarsrus.

12 – Mart Badenhorst (82): Gaan baie goed. Geniet goeie gesondheid. Gaan binnekort vir twee maande Kaap toe!

15 – Leentjie Meyer (80): Gaan redelik goed. Gaan binnekort by kinders kuier.

16 – RW Smith (80): Gaan baie goed, het geen klagtes nie.

18 – Hennie Wentworth (80): Gaan goed onder omstandighede. Dingetjies wat pla maar is nog goed aan die gang.

25 – Neels Mathee (80): Gaan goed, geen klagtes nie.

29 – Elsa Enslin (82): Gaan goed onder omstandighede. Gesondheid nie van die beste nie maar maak die beste daarvan!

30 – Hennie Geldenhuys (80): Was siek maar dit gaan nou weer goed. Baie dankbaar!

Kommentaar en navrae oor en voorstelle vir die Posduif kan aan hansieb@lantic.net of die Kerkkantoor gestuur word. Hansie Bekker is ook beskikbaar by 082 820 4306 of 056 811 4754.

DIE TWEEDE GROOT TREK

Ongeveer 'n jaar terug, toe daar besluit is om die ou pastorie te verhuur, is die kerkkantoor na die kerk verskuif.

By die kerk was daar egter net een kantoor en die Skriba en Gemeentebestuurder moes hulself in die konsistorie tuismaak. Dit was egter nie 'n goeie skuif nie aangesien daar gedurende die week Bybelstudie, ens in die konsistorie gehou word en dan moes die personeel elders gaan sit.



Die Kerkraad het aan die begin van 2017 besluit om die

kerkkantoor na die saal waar daar reeds twee “kantore” was, te verskuif. Destyds (1974/75) toe die saal gebou is, was konserte in kerksale nog 'n algemene ding en daar is voorsiening gemaak vir kleedkamers vir die kunstenaars. (Parys-Wes se kerksaal is op 21 Junie 1975 ingewy en tydens die inwydingskonsert was Rudi Neitz een van die kunstenaars**). En nou 42 jaar later, was daardie kleedkamers deel van die oplossing van ons kantoorprobleme by die kerk. Dié twee vertrekke, wat vir baie jare al net stoorkamers was, is saam met die kategese-klaskamer direk langsaa, deur Gert en Arno Olivier in drie kantore omskep. Die getal kinders in die gemeente het die laaste jare so afgeneem dat die gebruik van die klaskamer vir 'n ander doel, nie 'n probleem is nie. Daar is terselfdertyd 'n stoorkamer met genoeg rakke, waar o.a. items vir die wit olifanttafel en die basaar gebêre kan word, aan die anderkant van die saal geskep.

Baie dankie aan Gert en Arno vir hul bydrae asook aan Danie Cronje van Osprey Staal wat die staal vir die diefwering geskenk het. Dankie ook aan Willie Hoffmann vir die maak en installing van die diefwering by die nuwe kantore.

Die tweede Groot Trek van die kerkkantoor het stil-stil tussen 28 April en 2 Mei 2017 gebeur en die personeel is al goed ingeburger in hul nuwe kantore. Ons vertrou almal weet reeds waar die nuwe kantore is en dat die diens vandaar net so goed as tevore is. Ons is seker dat die nuwe kantore 'n groot verbetering is. Dries het ook sommer maklik daar ingepas met sy klein lessenaartjie.

(** Bron: Gedenkblad van NG Parys-Wes -1960 tot 2010 – “Kosbare erfenis langs die Vaalrivier”, p47) (Hierdie boek oor die gemeente se geskiedenis is by die kerkkantoor beskikbaar.)

KERSKOSPROJEK 2017

Ons as gemeente het reeds die afgelope twee jaar 'n baie suksesvolle Kerskosprojek bedryf en was in staat om aan ongeveer 25 gesinne beter kospakkies vir die kerstyd te gee. Dit is met groot dankbaarheid ontvang en gebruik.

Die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid bevestig graag dat die projek vanjaar voortgesit sal word.

Die waarde van 'n kospakkie is ongeveer R280.00 en gemeentedele word vriendelik uitgenooi om weer bydraes vir die 2017-projek te maak. Almal is welkom om een of meer pakkies te borg. Alle bydraes is egter welkom en 'n klompie 10 / 20 / 50 rande koop ook 'n pakkie.



Bydraes kan tot einde November by die kerkkantoor inbetaal word of jul kan dit in 'n koevert wat gemerk is "Kerskosprojek" in die kollektiebord plaas.

By voorbaat baie dankie vir almal se ondersteuning van die projek.

KOMENDE GEBEURE

Afgesien van die normale aktiwiteite van die gemeente, is daar ook 'n paar spesiale geleenthede wat tot aan die einde van die jaar plaasvind.

- *!6/17 September : Gemeente se verjaarsdag*
 - *Saterdag, 16 September: 07:00 - Stap vir Bybels vanaf die kerk*
 - *Sondag, 17 September : Nagmaal en deurkollekte vir Bybelgenootskap*
- *Sondag, 24 September: Belydenisaflegging*
- *Vrydag, 13 Oktober : Funksie vir senior burgers*
- *Sondag, 29 Oktober: 18:00 - Gesamentlike Hervormingsfees by Moedergemeente*
- *Vrydag, 17 November: 18:00 - Kers Pik-en-Proe*
- *Vrydag, 15 Desember: 18:00 – Kerssang onder die sterre en piekniek op die kerkterrein onder leiding van dr Arnold Smit van Steynsrus.*